# EFÉSIËRS 5:1-21

**TEMA:** **Nuwe Leefstyl**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: EFÉSIĖRS 5:1-21

**Efe 5:1 Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders;**
**Efe 5:2 en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.**
**Efe 5:3 Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam;**
**Efe 5:4 ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liewer danksegging.**
**Efe 5:5 Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.**
**Efe 5:6 Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid.**
**Efe 5:7 Wees dan nie hulle deelgenote nie.**
**Efe 5:8 Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here—wandel soos kinders van die lig.**
**Efe 5:9 Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid.**
**Efe 5:10 En beproef wat die Here welbehaaglik is;**
**Efe 5:11 en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer.**
**Efe 5:12 Want wat in die geheim deur hulle gedoen word, is skandelik selfs om te noem.**
**Efe 5:13 Maar al die dinge wat deur die lig bestraf word, word openbaar; want alles wat openbaar word, is lig.**
**Efe 5:14 Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn.**
**Efe 5:15 Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse;**
**Efe 5:16 en koop die tyd uit, omdat die dae boos is.**
**Efe 5:17 Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.**
**Efe 5:18 Moenie dronk word van wyn nie—daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.**
**Efe 5:19 Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here,**
**Efe 5:20 terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus,**
**Efe 5:21 en aan mekaar onderdanig is in die vrees van God.**

### 1. GEHOORSAAMHEID

***Efe 5:1 Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders;***
***Efe 5:2 en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.***
***Efe 5:5 Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.***

-o0o-

Niemand is lief vir 'n stout kind nie. Elkeen van ons kan seker al 'n boek skryf oor ‘n stout kind; 'n probleem kind; 'n kind wat vir jou moeilikheid gee; ‘n kind wat vir jou regtig drama, hartseer en pyn gee; 'n kind in wie 'n mens geen welbehae het nie.

Ons lees in die woord van God telkemale oor hoe die Here spyt was dat Hy die mens gemaak het. Dis seker die verskriklikste woorde wat 'n mens ooit kan hoor is wanneer die Almagtige God moet sê: *"Ek is spyt Ek jou gemaak”.* Dit moet seker verskriklik wees.

Die liefde is so ‘n groot faktor wat Paulus in Efésiërs 5:2 uitdruk. *"En wandel in liefde, soos Christus ons liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het."* Hoe het Hy Hom oorgegee? *"as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur”.*

Jou hele lewe moet getuig as 'n lieflike geur, voor God; as 'n gawe en 'n offer aan die Here. As dit nie meer 'n gawe of die dit nie meer 'n offer is nie, dan sal God nie meer welbehae het nie, want Hy soek nie geskenke nie, Hy soek offers; Hy verlang na iets waarin Hy 'n welbehae kan hê.

### 2. STANDAARDE

***Efe 5:3 Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam;***

***Efe 5:4 ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liewer danksegging.***

***Efe 5:5 Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat ‘n afgodedienaar is, ‘n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.***

Christus het vir ons die voorbeeld kom stel. As ons nie Sy voorbeeld volg nie, het ons die gees van die Antichris. Met ander woorde, die Woord het sekere standaarde en beginsels as riglyne vir ons neergelê

- Hoe die liggaam van Christus saam gevoeg is
- Hoe die liggaam saam pas.
- Hoe ons die Here moet dien.

Dit kan alleenlik in ons lewe funksioneer as ons die Gees van God in ons het, volgens die Woord van God. Sodra my lewe of my doen en late nie ooreenstem met die Woord nie, dan is die Gees van God nie in my nie en derhalwe dra ek die gees van die Antichris wat my van allerlei ander dinge van onreinheid leer. Soos hebsug, met ander woorde, daardie “eie ek” kom weer terug - ek wil dit so doen; ek sal maak soos wat ek wil; ek wil die beheer oorneem. Paulus waarsku, *"Dit moet selfs nie eers tussen ons genoem word nie, soos dit die heiliges betaam; en nie gemeenheid of dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie."*

Paulus waarsku verder teen die vreeslikste dinge wat uit mense se monde kom. Dit is waarvan die Here hier praat, “gemeenheid”. Hoe gemeen kan 'n kind van God nie partykeer raak nie? Onaanvaarbare dinge wat mense van mekaar praat. Geestelike leiers, broers en suster word uit mekaar geskeur wat baie skade berokken. Paulus beveel aan ons moet liewer met danksegging praat.

### 3. TOORN VAN GOD

***Efe 5:6 Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid.***

Ons almal het seker elke dag in ons lewe te doen met hierdie ding, wanneer mense die woord van God verdraai, dit ydele woorde maak vir hulle eie gewin, hulle begeertes. Die wêreld is vandag vol van afgodery in die Christendom en sodoende word mense verlei en weggetrek van die wil van God af, weg van die Heilige Gees en siele word vernietig. Wat sê Hy wat gaan gebeur? *"Want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid."*

Mense, as daar 'n skrifgedeelte is wat ek regtig voor vrees in die Bybel, twee van hulle, daar is eintlik ‘n paar, maar twee verse staan prominent uit:

-o0o-

1. Die rower aan die kruis sê vir die ander een: "*vrees jy ook God nie*?" *Luk 23:40.* As ons gaan kyk na die Christendom vandag en na baie kinders van die Here, dan kry jy hierdie ding van hulle maak net wat hulle wil. Daar is nie meer dissipline nie, daar is nie meer Woord nie. Hulle hardloop en doen net wat hulle wil. Dan kom die vraag altyd by my op. "*Vrees jy ook God nie?*" *"Weet jy nie dat jy het te doen gaan kry met die toorn van die Almagtige God nie*?

2. En dan die volgende vers, *Heb. 10:31 Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.*
Mense kom ons kry klaar met hierdie ander dinge. Kom ons keer terug in die weë van die Here.

### 4. VRUG VAN DIE GEES

***Efe 5:7 Wees dan nie hulle deelgenote nie.***

***Efe 5:8 Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here—wandel soos kinders van die lig.***

***Efe 5:9 Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid.***

Moenie jouself met hierdie dinge van die wêreld assosieer nie. Leef volgens die nege punte van die vrug van die Gees omskryf in Galasiërs 5:22. So met ander woorde, lewe in goedheid, lewe in geregtigheid, lewe in waarheid, lewe soos kinders van die Lig. Laat Christus gedurig deur jou lewe gesien kan word. Laat jou lewe ander mense aanraak. Jy hoef nie vir mense te vertel hoe heilig is hulle, hoe pragtig is hulle of hoe wonderlik is hulle nie. Here self moet uit hulle uit skyn, sodat die dade, die lig uit hulle uit kan skyn.

### 5. ONVRUGBARE WERKE

**Efe 5:10 En beproef wat die Here welbehaaglik is;**

**Efe 5:11 en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer.**

**Efe 5:12 Want wat in die geheim deur hulle gedoen word, is skandelik selfs om te noem.**

**Efe 5:13 Maar al die dinge wat deur die lig bestraf word, word openbaar; want alles wat openbaar word, is lig.**

Daar sê Hy dit baie duidelik. Ek moes in my lewe, myself al paar keer van mense afgeskei het. Nie hieroor of daaroor nie, want ek kon net nie met die dinge meedoen waarmee hulle besig is nie. Ek kon net nie. Die Here sê vir ons in *1 Timótheüs 6:5 "Onttrek jou aan sulke mense*."

Wanneer kinders van die Here dinge doen wat nie in die Woord staan nie, forseer dit jou jammerlik tot 'n keuse van 'ek wil' of 'ek wil nie' met jou assosieer. Die Skrif sê, "*hou nie gemeenskap met onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer. Want wat in die geheim deur hulle gedoen is, is skandelik selfs om te noem."* Ja, dis hartseer, nè? Die lig bestraf hierdie dinge en openbaar die werke.

### 6. WAKKER SLAAP

***Efe 5:14 Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn.***

***Efe 5:15 Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse;***

***Efe 5:16 en koop die tyd uit, omdat die dae boos is.***

***Efe 5:17 Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.***

Koop die tyd uit, spandeer tyd met die Here. Leer Hom ken; Sy diepste wese. Leer ken Hom deur die Woord. Begin met 'n intieme verhouding met Hom en jy sal nie spyt wees nie. As jy die wil van God nie ken nie, hoe sal jy weet waarheen jy op pad is? Jesus het gesê: *Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het. Joh. 5:30*

Die Here het na die berg gegaan om die wil van die Vader vir Sy lewe te gaan soek. Hy het die wil van Sy Vader geken en Hy het niks behalwe as dit gedoen nie. Kom laat ons daardie perfekte voorbeeld wat die Meester vir ons gestel het, ook nastreef.

-o0o-

## 7. NUWE LEEFSTYL

***Efe 5:18 Moenie dronk word van wyn nie—daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.***
***Efe 5:19 Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here,***
***Efe 5:20 terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus,***
***Efe 5:21 en aan mekaar onderdanig is in die vrees van God.***

So met ander woorde, moet nie die bevrediging (satisfaksie) van die vlees nastrewe nie, maar word in die Gees opgebou. Vergeet van die vleeslike dinge. Vergeet van die genot van die vlees.

**A**. Gebruik lofsange; lofsange tot God, Psalms, getuienisse, geestelike liedere. Laat die Heilige Gees jou opbou tot eer van die Here. Wees net 'n dank lied vir Hom. Wees jy net 'n boek wat geskryf is tot lof en eer van die Here. Dien die Here Hom met blydskap; met 'n oorgawe. Dien Hom met 'n vol hart.

**B**. Wees mekaar onderdanig, vergeet jouself, bedien jou broer en onder jou suster in die vrees van die Here. Wees 'n dienskneg van die Here om jou broer en jou suster elke dag te versterk, hom te help; hom te dra, hom te bemoedig. Net 'n glimlag van jou, 'n telefoon oproep; 'n woord van bemoediging. Net daardie ietsie om hom vandag op die regte pad te help; hom versterk.

Maak jou gebed: *“Nie my wil nie, maar U Welbehae”.*

-o0o-